NG Gemeente Jeffreysbaai

Vakature: Kinderbediening Koördineerder

GEMEENTEPROFIEL:
Die NG Gemeente Jeffreysbaai is 'n gemeente geleë aan die Oos-Kaapse kus. Die gemeente het ongeveer ± 4800 belydende en ± 614 dooplidmate en word bedien deur vier voltydse Leraars, 'n Diensleraar en een herder (Pastorale Hulp). Ons is 'n inklusiewe gemeente wat die gemeenskap van Jeffreysbaai vanuit drie kampusse bedien.

VAKATURE:
Ons as gemeente het die afgelope drie jaar baie groei getoon by ons Kinderbediening wat ons motiveer om hierdie pos te skep. Tans beskik die gemeente oor 'n vakature vir 'n "Kinderbediening Koördineerder" wat by ons span kan aansluit.

KANDIDAAT SE PROFIEL:

- 'n Persoon wat passievol is oor sy/haar verhouding met die Here en wat kan inpas by die teologiese raamwerk en roeping van ons gemeente. Uitleef van die gereformeerde teologie.
- Toepaslike kwalifikasies en bewese ondervinding met kinderwerk sal in ag geneem word.
- 'n Passie en gawe om kinders geestelik te begelei en toe te rus om in 'n verhouding met die Here te leef.
- Moet beskik oor goeie kommunikasievaardighede om effektief met die ouers, kinders en mentors te kommunikeer en ook lesse aan te bied.
- Beskik oor bewese goeie organisatoriese en administratiewe vaardighede.
- Moet multimedia- en rekenaarvaardig wees.
- Vermoë om in spanverband te kan werk.
- Moet leiers (mentors) kan identifiseer en toerus vir die kinderbediening.
- Moet bereid wees om verdere opleiding in kinder- en jeugwerk te ondergaan.
- Aktiewe deelname en reël van kampe en uitstappies.
- Die voertaal moet Afrikaans wees.

POSBESKRYWING:

- Bestuur en organisering van die kinderbediening onder leiding van die Familie-bediening (Families) en in samewerking met die Begeleidingspan.
- Kreatiewe aanbiedings beplan/ begelei by ons kinderdienste.

- Verantwoordelik vir die identifisering van die materiaal wat gebruik word vir kinderbediening in samewerking met begeleidingspan.
- Verantwoordelik vir die beplanning, voorbereiding en uitvoering van alle aktiwiteite wat met die kinderbediening verband hou.
- Reël van kampe, uitstappies, vakansieprogramme, Kinderpinkster en uitreike vir die kinders.
- Goeie kommunikasievaardighede met die ouers en die kinders.
- Kommunikasie in samewerking met Grafiese-en Kommunikasie Beampte aangaande die kinderbediening.
- Deurlopende bou en toerus van 'n leierspan en mentors vir die kinderbediening.
- Verteenwoordig die kinderbediening by gemeente-aktiwiteite.
- Bywoon van vergaderings soos benodig en bepaal in samewerking met die begeleidingspan.
- Skakeling met skole, kleuterskole en kultuurorganisasie en bewegings waar nodig.
- Gereelde gesprek met die leraar wat die Familiebediening hanteer.

SALARIS EN ANDER VOORDELE:

- Salaris: Op aanvraag beskikbaar.
- Werksure: Voltyds/ Deeltyds – Die werksure word bepaal in oorleg met werkgewer tydens onderhoud.
- Bereid wees om 'n polisieklaring te ondergaan.

AANSOEK:

'n Kandidate met die volgende ervaring/studierigtings word uitgenooi om aansoek te doen:

- Diensleraar.
- Onderwyser.
- Proponent.
- Besig met teologiese opleiding.
- Onderrig van kinders.
- Bewese ondervinding met kinders.

Hoe doen ek aansoek:

Aansoeke moet asb. teen Maandag 7 Oktober 2024 om 12:00 by die Bedryfsbestuurder ingedien word.
Indien u belangstel stuur asb. 'n 2 bladsy CV na: kantoor@ngkjeffreys.co.za of handig u CV by die kerkkantoor in gedurende kantoorure. Ons webtuiste: www.ngkjeffreys.co.za
Vir verdere navrae kontak: Ds Nardus Greyling – 084 240 4111/ nardus@ngkjeffreys.co.za

Die Gemeenteraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Deur die indiening van hul CV's, gee kandidate toestemming dat die inligting soos vervat in hul CV, onderworpe aan die terme en bepalings van die POPI-wetgewing (Protection of Personal Information Act) deur NG Gemeente Jeffreysbaai-gemeente vir die keuringsproses gebruik kan word.